# JOËL 2

## TEMA: DIE KRYGER-BRUID (Warrior Bride)

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

- Bykomende Skrifverwysings aan die einde van die lesing.

-o0o-

**Joël 2:1 Blaas die basuin op Sion, en blaas op my heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die HERE kom, want hy is naby—**

**Joël 2:2 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag; soos die môreskemering, uitgesprei oor die berge, kom 'n talryke en magtige volk, wat van oudsher sy gelyke nie gehad het nie en dit hierna ook nie sal hê tot in die jare van die verste geslagte nie.**

**Joël 2:3 Voor hom uit verteer 'n vuur, en agter hom brand 'n vlam; voor hom lyk die land soos die tuin van Eden, en agter hom is dit 'n woeste wildernis; ook kan niks daaraan ontkom nie.**

**Joël 2:4 Sy voorkoms is soos dié van perde, en net soos ryperde so hardloop hulle.**

**Joël 2: 5 Soos die gedruis van waens huppel hulle oor die bergtoppe, soos die geknetter van 'n vuurvlam wat die kaf verteer, soos 'n magtige volk wat vir die geveg opgestel is.**
**Joël 2: 6 Vir hom bewe die volke van angs, alle aangesigte verbleek.**
**Joël 2: 7 Soos helde hardloop hulle, soos krygsmanne klim hulle op die muur, en elkeen gaan sy eie koers; hulle verander nie van pad nie.**
**Joël 2: 8 En die een druk nie die ander nie; elkeen gaan sy eie pad; en tussen wapens deur val hulle; maar hulle bly in gelid.**
**Joël 2: 9 Hulle oorval die stad, hulle hardloop op die muur, hulle klim in die huise, hulle dring by die vensters in soos 'n dief.**
**Joël 2: 10 Voor hulle bewe die aarde, sidder die hemel; die son en die maan word swart, en die sterre trek hulle glans in.**
**Joël 2: 11 En die Here verhef sy stem voor sy leërmag uit; want geweldig groot is sy leër, ja, magtig die uitvoerder van sy woord. Want die dag van die Here is groot en uitermate vreeslik, en wie kan dit verdra?**
**Joël 2: 12 Maar selfs nou nog, spreek die Here, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geween en rouklag.**
**Joël 2: 13 En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die Here julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil;**
**Joël 2: 14 wie weet of dit Hom nie weer sal berou nie, sodat Hy 'n seën sal agterlaat — 'n spysoffer en 'n drankoffer aan die Here julle God.**
**Joël 2: 15 Blaas die basuin op Sion, heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering saam!**
**Joël 2: 16 Versamel die volk, heilig die gemeente, vergader die oudstes, versamel die kinders en die suiglinge! Laat die bruidegom uit sy kamer uitgaan en die bruid uit haar slaapvertrek.**
**Joël 2: 17 Laat die priesters, die dienaars van die Here, tussen die voorportaal en die altaar ween en sê: o Here, spaar u volk, en gee u erfdeel nie oor aan smaadheid, dat die nasies met hulle spot nie; waarom sou hulle onder die volke sê: Waar is hulle God?**

U kan gerus terug verwys na die lesing Oordele 4 – Val van die Groot Hoer

-o0o-

-o0o-

Laat my asseblief toe om vir jou manna, gebreekte brood te bedien, sodat jy gevoed kan word met dit wat die Here vir ons op die tafel gesit het. Die Here praat nou al 'n tydjie met my oor die toestand van die Bruid van Christus Jesus, Sy ware liggaam. As ons die liggaam reg verstaan, sal ons verstaan dat daar net een liggaam, een kerk, een doop, een God, een Heilige Gees, een Here, een alles is, volgens Efésiërs.

*Efésiërs. 4:4 Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping;*

*Efe 4:5 een Here, een geloof een doop,*

*Efe 4:6 een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is.*

- Dit is hulle wat in die bloedverbond met Christus Jesus is,
- Wat vrygekom het,
- In Sy dood gedoop is,
- Wat kan getuig van Sy opstanding in hulle lewe.
- Hulle wat die ware DNA dra van 'n lewende Christus,
- Wie 'n lewende getuie kan wees, nie van hoorsê nie,
    - van 'n verhouding wat hulle met Hom het.

Hulle is in Sy lewe en is nuwe skepsels in Christus Jesus!

Waaroor ek eintlik met julle wil praat is oor God se droom, Sy ideale Bruid vir Sy Seun. Hierdie (warrior bride) kryger-bruid sal, volgens die Woord in Openbaring 19, weer saam met Christus Jesus kom. Die Bruid sal saam met Hom in die wêreldmagte baklei teen die antichris, die dier en die valse profeet. Die Kryger-bruid is beklee met rein fyn linne, wat die regverdige dade van die heiliges is.

Ek het 'n hele lering rondom die Bruid waar ons Ragel, Ragab, Rut, Naomi, Ester, Maria, Tabíta en Rebekka behandel.

- Ons kyk wie die Bruid van Christus Jesus regtig is,
- wie Sy liggaam regtig is,
- wie regtig in die plek is waar hy kan sê dat hy Bruid van Christus Jesus is en
- wie regtig in daardie verbond is.

Daar is 'n groot dwaling rondom die Bruid en dit is die grootste leuen. Nie almal is Bruid nie, want net 'n Bruid kan baar. Die Bruid wat in die verbond is, het die reg om te sê *"in die Naam van die Here, in die Naam van Jesus Christus".*

Met hierdie woord wat ek vir jou bring, wil ek vra dat jy jouself 'n bietjie sal meet teen die Woord van God. Kyk wat Sy droom vir die Kryger (warrior) Bruid is. Kyk wat die Woord van God sê rondom die Kryger-bruid, die Bruid van Christus Jesus en nie wat ek of jy of 'n sisteem sê nie. Kyk hoe lyk die Bruid, wat haar toestand regtig is en in watter outoriteit of gesag die Bruid regtig funksioneer.

## AANKONDIGING

Lees saam met my Joël 2. Joël 2 is 'n heenwysing na wat in die toekoms lê. Kyk mooi na die erns van die Here en hoe Hy Joël 2 begin.

***Joël 2: 1 BLAAS die basuin op Sion, en blaas alarm op my heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die Here kom, want hy is naby —***

Die blaas van die sofar kan beter verstaan word as julle weet dat een van die elemente daarvan, God se kragtige stem is. Hy proklameer met Sy stem sekere dinge die geestesryk (realm) in. Dit is 'n deel van die doel van sofar-blaas.

-o0o-

Hy sê dat die Almagtige self sê *BLAAS die basuin op Sion, en blaas alarm*. Kyk die verskriklike erns waarmee God hier praat. Hy sê dat hierdie Woord van God die inwoners sal laat bewe wanneer hulle dit hoor, *want hy is naby*.

Mense gaan rond en sê dat die wegraping nou gaan plaasvind. Die wegraping gaan nie nou plaasvind nie. Daar was eers 'n aardbewing, voor die opstanding (van Jesus) plaasgevind het. Met die aardbewing het die klip (voor die graf) weggerol. Voordat openbaring kan geskied, moet daar iets gebeur. *(Verwys: Oordele 4 – Val van die Groot Hoer)*

- Daar moet **oordeel** op hierdie aarde kom.
- Daar moet 'n **aardbewing** wees.
- Met die aardbewing moet die klip weggerol word,
    - sodat die **openbaring** van die opstanding kan plaasvind.

## 5-VOUDIGE BEDIENINGE

Hulle sê vir Pilatus dat die graf verseël moet word, omdat die verleier gesê het dat Hy gaan opstaan. Pilatus sê dan vir hulle dat hulle dit moet gaan verseker, soos hulle dit verstaan. Dit is die vyf konings, waar die vyf sintuie ingekom het. Dit is die vyf konings van Joshua, wat aan die pale opgehang moes word. *(Verwys: Oordele 4 – Val van die Groot Hoer)*

*Matthéüs 27:63 en sê: My heer, ons herinner ons dat dié verleier, toe hy in die lewe was, gesê het: Oor drie dae staan ek op.*

*Mat 27:64 Gee dan bevel dat die graf verseker word tot die derde dag toe, dat sy dissipels nie miskien in die nag kom en Hom steel nie, en vir die volk sê: Hy het opgestaan uit die dode. En die laaste dwaling sal erger wees as die eerste.*

*Mat 27:65 Daarop sê Pilatus vir hulle: Julle sal 'n wag kry; gaan verseker dit soos julle dit verstaan.*

*Mat 27:66 En hulle het gegaan en die graf verseker deur die steen te verseël in teenwoordigheid van die wag.*

Die wagte is daar geplaas om die opstanding te verhoed.

Dit is die sielsdimensie wat wil keer dat die ware evangelie geopenbaar kan word. Voordat die opstanding plaasgevind het, was daar 'n aardbewing. Hierdie sielsdimensie, gebondenheid, wagte wat aangestel is,

- deur die duiwel homself,

- is aangestel om te verhoed dat die opstanding plaasvind.
- Die wagte het geword soos dooies en dit het gebeur met die omruil van die wagte.

Daar gaan 'n oordeel kom, sodat die volheid van die nie-Jood (gentiles) en die hele Israel gered kan word (Romeine 11). Dit is wanneer Ragel, die liefdesvrou van Jakob, Israel, die seuns kan baar. Ragel is 'n tipe van die Bruid. (Verwys: Oordele 3 – Volheid van die Heidene).

***Romeine 11:25 Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het;***

***Rom 11:26 en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend;***

Sy het twee seuns gebaar, Josef en Benjamin.

- Josef is die een met die kleed van baie kleure,
    - die een wat in Sy dood gedoop is.

-o0o-

    - Dit is die volheid van die nie-Joodse (gentile) nasies.
- Benjamin is die een met Joseph se silwer beker in die sak.
    - Die een wat die vyf porsies kos ontvang het, asook die vyf stelle klere.

Josef se gebede, die vyfvoudige bediening waaruit die nie-Jood (gentiles) gefunksioneer het, sal dan die Jood berei. As gevolg van die silwer beker, die gebede van die heiliges, sal die hele Israel gered word. Ons moet elke dag van ons lewe bid vir Israel, vir hulle heenkome, welsyn, welstand, vrede, vir alles. Ons moet bid dat God sal ingryp in hulle lewe. Ons moet bid dat die bose nie met hulle maak wat hulle wil nie en dat die Here se wil in hulle lewe sal geskied!

## DIE DAG VAN OORDEEL GAAN KOM

***Joël 2:2 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag; soos die môreskemering, uitgesprei oor die berge, kom 'n talryke en magtige volk, wat van oudsher sy gelyke nie gehad het nie en dit hierna ook nie sal hê tot in die jare van die verste geslagte nie.***

In hierdie tyd van oordeel, sal die openbaarmaking van die opstanding gebeur. Uit hierdie oordeel *kom 'n talryke en magtige volk*. Dit is die liggaam van Christus Jesus, die Bruid, Sy ware kerk, hulle wat in Sy dood gedoop is en wat in die verbond staan.

Die Vader beskryf hierdie Bruid van Christus Jesus as *'n talryke en magtige volk, wat van oudsher sy gelyke nie gehad het nie en dit hierna ook nie sal hê tot in die jare van die verste geslagte nie.*

- Daar sal in die bestaan van hierdie aarde geen volk en geen nasie ooit wees, soos die ware volk van God nie,
- die Bruid van Christus Jesus, Sy liggaam,
- hulle wat in Sy dood gedoop is,
- hulle wat in die verbond staan.
    - wat in 'n verhouding met Hom staan en in die plek is waar Hy hulle kan gebruik.

Hy verwys nou na die liggaam

*Joël 2: 3 Voor hom uit verteer 'n vuur, en agter hom brand 'n vlam; voor hom lyk die land soos die tuin van Eden, en agter hom is dit 'n woeste wildernis; ook kan niks daaraan ontkom nie.*

Daardie vuur van God is die salwing. Dit is die krag van God se Gees, wat deur die liggaam van Christus Jesus funksioneer. Dit is jammer dat so min mense regtig weet waaroor die salwing gaan. Bitter min leiers weet regtig wat die salwing beteken.

- Die *vuur* wat voor hom uit verteer en die *vlam* wat agter hom brand is die beskutting.
    - Dit is die ring van vuur wat rondom die Bruid getrek is.
    - Dit is die verbond en die beskerming wat sy het deur die krag van die Heilige Gees.

Die Bruid van Christus Jesus is die een wat die veroordeling bring. Soos sy beweeg en soos sy aangaan, sal die vuur wat deur haar funksioneer, alles verteer.

- Voor *lyk* alles belowend reg (*soos die tuin van Eden).*
- Agter is dit 'n *woeste wildernis*.

Dit is hoe die wêreld ons gebluf het. Alles lyk vir ons reg, maar mense dit is nie reg nie. Die Christendom en die wêreld is nie reg (all-right) nie. God is in woede. Hy is in afwagting om sy toorn te laat ontvlam teen hierdie wêreld wat verdraai het en nie Sy wil doen nie. Niks kan van die oordeel *ontkom nie*. Niks gaan dit vryspring nie.

-o0o-

***Joël 2: 4  Sy voorkoms is soos dié van perde, en net soos ryperde so hardloop hulle.***

Dit is die renperde van Ester.  Die boodskap moet met die renperde van die koning uitgedra word, nie met die voetgangers nie.  Die boodskap moet vinnig uitgedra word.  Die perde is sendings.

- Die sendings moet nou plaasvind.
- Die koning se renperde moet nou hierdie boodskap van oorlog uitdra.

Staan op en verdedig julleself.  Herwin die land.  Geen land of grondgebied is nog ooit gewen deur net heeldag te bid nie.  Dit is waar ’n kind van God verkeerd is.  Die Here het nie vir Israel gesê om hierdie kant van die Jordaan te staan en die land in te bid nie.  Hy het gesê dat hulle die land moet in gaan, in besit moet neem met oorlog en die 50 konings moet verslaan.

Die Bybel sê vir ons dat ons nie meer met voetgangers moet loop nie, maar dat ons moet leer om met renperde te wedywer.

- Dit is die vinnige beweging van die Gees, wat in hierdie dae gaan plaasvind.

As ons nog gewoond is om met sisteme en goed saam te loop, gaan dit nie vir ons werk nie, want dit is renperde.

***Joël 2: 5  Soos die gedruis van waens huppel hulle oor die bergtoppe, soos die geknetter van 'n vuurvlam wat die kaf verteer, soos 'n magtige volk wat vir die geveg opgestel is.***

Hulle is vry.  Alhoewel hulle klink soos ‘n gedruis van waens, *huppel hulle*.  Dit is daardie triomfering oor omstandighede.  Niks kan in hulle pad bly staan nie.

- Die *magtige volk* waarvan hier gepraat word is die Kryger-bruid.

Sy is nie ’n meisie wat haarself heeldag sit en mooi maak nie.  Sy is ’n Kryger-bruid wat op die voorgrond baklei.  Sy baklei vir siele om vir die Here te wys dat sy op hierdie aarde kan, want Sy is ’n kryger.

## FUNKSIONEER PERFEK

***Joël 2: 6  Vir hom bewe die volke van angs, alle aangesigte verbleek.***

Die vrees van die Here kom op hulle.  Hulle kan die heerlikheid en die krag van God deur hierdie Bruid van Christus Jesus sien funksioneer.

- Jy moet net op die voorgrond kom as ’n Kryger-bruid.
- Jy moet kan funksioneer, dan sal alle magte en alle owerhede hulle onderwerp aan jou, want dit is geskrywe.

***Joël 2: 7  Soos helde hardloop hulle, soos krygsmanne klim hulle op die muur, en elkeen gaan sy eie koers; hulle verander nie van pad nie.***

Kyk mooi hoe werk hulle saam.  Hulle *verander nie van pad nie*.  Hulle werk met doelgerigtheid en visie.  Dit is die roeping van God die Vader, voor die grondlegging van die wêreld, op hulle lewe.  Sy is doelgerig en sy verander nie van koers nie.  Alhoewel elkeen sy koers hardloop, *verander* hulle *nie van pad nie*.

- Hulle bly in daardie verbond.
- Hulle bly in daardie perfekte wil van God wat Hy vir elkeen bepaal het.
- Elkeen ken sy plek.
- Elkeen funksioneer met Sy krag en met die vuur van God.
- Hierdie liggaam van Christus Jesus funksioneer met krag en gesag.

-o0o-

***Joël 2: 8  En die een druk nie die ander nie; elkeen gaan sy eie pad; en tussen wapens deur val hulle; maar hulle bly in gelid.***

Kyk hoe perfek funksioneer hulle.  Nie een gee die ander een aanstoot nie.  Elkeen weet presies wat hy moet doen.  Hy is gefokus en dit is al wat hy doen.

- Hy vervul die roeping van God in sy lewe en elkeen gaan sy eie pad.
- Hulle bly in daardie eenheid.

Met die gawes wat God aan hulle gegee het, help die een broer die ander broer en die een suster versterk die ander een.

- Hulle help mekaar.
- Hulle funksioneer as ‘n kragtige en magtige Kryger-bruid, perfek *in gelid*.

## NEEM DIE GRONDGEBIED TERUG

***Joël 2: 9  Hulle oorval die stad, hulle hardloop op die muur, hulle klim in die huise, hulle dring by die vensters in soos 'n dief.***

As hierdie goed jou nie opgewonde maak nie, sal niks jou opgewonde maak nie.  Hulle neem plek in en neem die grondgebiede wat satan gesteel het terug.  Hulle kry siele uit die hel en bring siele uit gebondenheid.

***Joël 2: 10  Voor hulle bewe die aarde, sidder die hemel; die son en die maan word swart, en die sterre trek hulle glans in.***

Die krag van God word geopenbaar deur die Kryger-bruid van Christus Jesus.  Hy wil, deur die Bruid, aan die wêreld wys hoe ‘n kragtige en magtige God Hy is.

***Joël 2: 11  En die Here verhef sy stem voor sy leërmag uit; want geweldig groot is sy leër, ja, magtig die uitvoerder van sy woord. Want die dag van die Here is groot en uitermate vreeslik, en wie kan dit verdra?***

- Is jy regtig op die plek waar God vir jou kan sê dat jy die Bruid van Sy Seun is,
- waar Hy Sy *stem voor sy leërmag* kan uit verhef,
- waar jy deel vorm van hierdie geweldige groot leër?
- Is jy ’n magtige *uitvoerder van sy woord*?

Hierdie is nie ’n spoggerige dame wat met hoë hakskoene loop nie.  Sy is ’n Kryger-bruid.

- Sy neem die grondgebied in.
- Sy neem weer die wêreld in besit.
- Sy neem terug wat satan kom steel het by van die Almagtige,
    - want dit was nog nooit syne (satan) gewees nie.

### IN LYN MET DIE HERE SE WIL

Nou kom die oproep van die Here.  As jy nie aan hierdie kwalifikasies voldoen nie en nie deel is van hierdie Bruid nie, roep die Here vandag met ’n stem.  Hoor wat sê Hy

***Joël 2: 12  Maar selfs nou nog, spreek die Here, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geween en rouklag.***

-o0o-

***Joël 2: 13  En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die Here julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil;***
***Joël 2: 14  wie weet of dit Hom nie weer sal berou nie, sodat Hy 'n seën sal agterlaat — 'n spysoffer en 'n drankoffer aan die Here julle God.***

Die Here sê dat ons moet vergeet van die ander dinge waarmee ons besig is.  Ons moet vergeet van dit wat niks vir ons beteken nie.

- Vergeet van die wêreldse sisteme en tradisies.
- Kom in die wil van die Here.

Terwyl ek en Eleonor die boek Jeremiah bestudeer het, was ek verstom oor die verskriklike haat wat God daarin het teenoor iemand wat kies om nie Sy wil te doen nie.

- God het ’n wil en ’n plan vir jou lewe.

***Open. 3: 15  Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm!***

***Open. 3: 16  Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.***

Waar staan jou lewe vandag?  Is jy lou of is jy warm?  Hierdie vuur van God, wat uit hierdie Bruid funksioneer, is dit die plek waar jy is, of is jy maar lou?  Hy sê was jy maar koud of warm!

- Hy sê dat Hy jou uit Sy mond sal braak, omdat jy lou is.

As ons rondom ons kyk, kan ons sien dat alle politieke stelsels, die wêreld, aan die kook is.  Die pot van die wêreld, die hele Babiloniese sisteem, wat uit die vyf punt ster van Lucifer bestaan, is aan die kook.  Hulle weet iets gaan kom.  Hulle probeer regmaak, maar hulle sal dit nie kan keer nie. (Verwys Oordele 2 – 5-punt Ster)

- Die werke van die Almagtige, soos dit in Jesaja geskryf is, kan nie gekeer word nie

Jesaja 43: 13  Ook van vandag af is Ek dit, en niemand red uit my hand nie; Ek werk, en wie kan dit keer?

Hierdie goed gaan kom.  Dit is ’n werklikheid!  Jy moet weet waar jy staan kind van God!  Om regtig deel van Sy Bruid te wees, moet jy voldoen aan hierdie vereistes.  Wees gereed om hierdie plek in besit te neem (te okkupeer).

## BEHOU JOU PLEK

Let op wat Hy sê

***Joël 2: 15  Blaas die basuin op Sion, heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering saam!***
***Joël 2: 16  Versamel die volk, heilig die gemeente, vergader die oudstes, versamel die kinders en die suiglinge! Laat die bruidegom uit sy kamer uitgaan en die bruid uit haar slaapvertrek.***

Hy sê dat jy nie eers moet toelaat dat jou wittebrood dit affekteer nie.  Moenie toelaat dat niks van die wêreld jou  van jou plek beroof nie.  Al is jy wat of waar in die wêreld en al het die wêreld jou in watter posisie, moet jy dit nie toelaat nie.

- Moet nie toelaat dat jy van jou plek, wat God vir jou bestel het as deel van die Bruid van Christus Jesus, beroof word nie.

-o0o-

Dit is waarom Hy sê dat die volk versamel moet word en terug moet kom in daardie plek. Hy sê dat *die oudstes,* asook *die kinders en die suiglinge,* belangrik is vir God.

- Almal is belangrik vir God.

***Joël 2: 17 Laat die priesters, die dienaars van die Here, tussen die voorportaal en die altaar ween en sê: o Here, spaar u volk, en gee u erfdeel nie oor aan smaadheid, dat die nasies met hulle spot nie; waarom sou hulle onder die volke sê: Waar is hulle God?***

In vandag se lewe sien ons dat die wêreld vir die Christendom lag. Die wêreld lag en spot met onse God, omdat satan in beheer is. Dit is omdat die kind van God, die Christendom, nie op sy plek is nie.

- Die kind van God het nog nie sy plek in besit geneem nie.
- Hy weet nog nie waar hy in die liggaam van Christus Jesus moet funksioneer nie.

Iemand het eendag vir my gesê dat dit verskriklik moeilik is om in 'n sekere area van Suid-Afrika te bedien. Ons het dit ook in sommige areas ondervind. 'n Mens kry net nie die liggaam van Christus Jesus opgewek nie. Dit is meestal 'n gesukkel en gestruikel. Die mense staan nie op om hulle plekke in te vul nie. Die wêreld daarbuite lag vir onse God. Die beeld wat ons uitdra na buite, is absoluut nie wat die Woord sê dit is nie.

- Ek en jy is die beeld van Christus Jesus.

As ons sê dat ons Christene is, beteken dit dat ons moet lyk soos Christus Jesus (Christ-like). Die lewe wat ons uitstraal na die mense daar buite moet getuig van Sy eienskappe. Hoe lyk ons regtig? Gee ons regtig om vir ons naaste? Net jy kan die antwoorde gee.

- Ons moet op die plek wees waar die Almagtige Vader kan sê dat Hy ons gekies het om deel van Sy Seun se Bruid, hierdie Kryger-bruid, te wees.

Meeste van die kinders van God is nog steeds gebonde. Ek weet waarvan ek praat, want ons is in die bediening. Almal dink alles is reg, totdat dit by die aanbieding van die Vrymakingskursus kom. As die Here aan hulle openbaar watter geraamtes in hulle kaste is, skrik hulle. Hulle staan dan in rye om by ons uit te kom en dan praat ek nie eers van die Salwingskursus nie. Daar is absoluut geen kennis rondom die funksionering van die krag van die Heilige Gees nie. Daar is 'n leuen wat verkondig word dat die Heilige Gees uitgestort is in die bovertrek. Dit is 'n leuen uit die hel. Ek sal vir jou in die Skrifte bewys waar die dissipels alreeds voor die tyd gevul is met die Heilige Gees.

- Die dissipels is gevul met die krag van die Heilige Gees om daar te funksioneer.

Dit wys vir jou die onkunde wat daar is rondom die ware evangelie. Omdat daar so 'n groot onkunde is, kan ons nie funksioneer nie. Ons moet in die Woord pas, nie die Woord by ons strukture en dinge nie.

Mag die Here hierdie kragtige woord in elke mens se hart laat posvat en laat groei.
Mag die grond hierdie saad van die Vader ontvang.
Mag dit groei tot groot oeste, sodat jou lewe 'n getuienis kan wees van die ware saad wat gesaai is.
Mag dit vrug dra tot voeding van die nasies en mag dit genesing van die volke bring.
Mag dit gebeur tot verheerliking van die Vader, in die Naam van Jesus.
Amen

**Rom 6:3** Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?

-o0o-